

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

(hierna “die Universiteit”, “die US”)

Dataprivaatheidsregulasie

Tipe dokument	Regulasie
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Implementeringsdatum	1 Maart 2019
Hersieningsdatum/-siklus	Jaarliks
Vorige hersienings	Geen
Eienaar van regulasie	Rektor en Visekanselier, synde die statutêre inligtingsbeampte
Institusionele funksionaris verantwoordelik vir regulasie	Viserektor: Strategie en Internasionalisering
Goedkeuringsdatum	5 Februarie 2019
Goedgekeur deur	Die Rektoraat
Trefwoorde	persoonlike inligting, privaatheid

1. INLEIDING

Die reg op privaatheid is in die Suid-Afrikaanse Handves van Regte (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996) verskans, en gee aan daardie reg gevolg deur middel van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (Engels: “POPIA”). Die Universiteit is daartoe verbind om die privaatheid van US-studente, -werknemers en -vennote te beskerm ooreenkomstig POPIA en verbandhoudende Suid-Afrikaanse wetgewing, toonaangewende internasionale praktyk en die US se verbintenis tot goeie institusionele oorsigbestuur.

Die oogmerke van hierdie regulasie is soos volg:

- verwoord die US se institusionele standpunt oor privaatheid; en
- sit die beginsels van POPIA uiteen in die lig van die institusionele konteks en waardes aan die US.

2. IMPLEMENTERING VAN HIERDIE REGULASIE

Hierdie regulasie geld vir al die onderstaande :

- US-studente (hetsy voltyds of deelyds) en -personeellede (hetsy permanent of tydelik), lede van institusionele statutêre liggame, en derdepartyverskaffers en ander eksterne partye met wie die Universiteit handel dryf; sowel as
- prosesse wat die prosessering van persoonlike inligting behels – dit sluit institusionele bedryfsproesse en akademiese prosesse (m.b.t. onderrig en leer, en navorsing) in sonder om daartoe beperk te wees.

Ooreenkomstig institusionele oorsigbestuursdoelwitte en toonaangewende korporatiewe oorsigbestuurspraktyk¹ moet proseseienaars binne 18 maande na die implementering van hierdie regulasie aan die volgende voldoen:

¹ Met inbegrip van die King IV-verslag oor korporatiewe oorsigbestuur vir Suid-Afrika, 2016.

- pas die beginsels in hierdie regulasie toe op die ontleding, ontwerp en deurvoering van enige proses wat die prosessering van persoonlike inligting behels; en
- sit uiteen en dokumenteer hoe die beginsels toegepas is; en
- sien toe, waar derde partye by die prosessering van persoonlike inligting betrokke is, dat daardie derde partye kontraktueel verplig word om die beginsels in hierdie regulasie op die proses toe te pas en uiteen te sit.

Wetgewing is nie staties nie, en die Suid-Afrikaanse regbank maak voorsiening vir nuanse en konteks. Om die implementering van hierdie regulasie te ondersteun, moet die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur dus redelikerwys tot proeseseenaars se beskikking wees en hulle help om hierdie regulasie in hulle prosesse te vertolk, toe te pas en in werking te stel.

3. WOORDOMSKRYWING

Datasubjek (sien POPIA se woordomsrywing) beteken die persoon op wie die persoonlike inligting betrekking het. Datasubjekte kan die onderstaande persone insluit, maar is nie tot hulle beperk nie:

- voornemende studente
- aansoekers
- studente
- alumni
- navorsingsdeelnemers
- werknemers
- kandidate vir indiensneming
- besoekers, en
- lede van die publiek.

Persoonlike inligting (sien POPIA se woordomsrywing) beteken inligting aangaande 'n identifiseerbare, lewende individu of 'n identifiseerbare, bestaande maatskappy en sluit die onderstaande in, maar is nie daartoe beperk nie:

- inligting oor die ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, nasionale, etniese of maatskaplike herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, fisiese of geestesgesondheid, welsyn, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte van die persoon;
- inligting oor die opvoeding of die mediese, finansiële, misdaad- of werksgegesiedenis van die persoon;
- enige identifiserende nommer, simbool, e-posadres, straatadres, telefoonnommer, inligting met betrekking tot ligging, aanlyn identifiseerder of ander bepaalde toewysing aan die persoon;
- die biometriese inligting van die persoon;
- die persoonlike menings, sienings of voorkeure van die persoon;
- korrespondensie vanaf die persoon wat vanselfsprekend of uitdruklik privaat of vertroulik is, of verdere korrespondensie wat die inhoud van die oorspronklike korrespondensie aan die lig sal bring;
- 'n ander individu se sienings of menings van die persoon; en
- die persoon se naam indien dit saam met ander persoonlike inligting in verband met die persoon verskyn, of indien die bekendmaking van die naam op sigself inligting oor die persoon aan die lig sal bring.

'n **Proses** is 'n versameling praktyke wat deur die instelling se beleide en prosedures gerig word, en wat insette uit 'n aantal bronne (onder meer vanuit ander prosesse) neem, daardie insette manipuleer en aan die hand daarvan uitsette (soos produkte, dienste of navorsingsbevindings) voortbring.²

'n **Proseseienaar** is die individu wat vir die deurvoering van 'n proses aanspreeklik gehou word in die sin dat die prosesogmerke verwesenlik, prosesverbetering nagestreef en prosesaanpassings goedgekeur moet word.¹ Proseseienaars sluit die volgende persone in, maar is nie tot hulle beperk nie: navorsers, akademici en die lynbestuur van PASD-omgewings (professionele en akademiese steundienste).

Prosessering (sien POPIA se woordoms krywing) beteken enige bedrywigheid of aktiwiteit of enige stel bedrywigheide, hetsy by wyse van outomatiese middele of nie, aangaande persoonlike inligting, met inbegrip van die volgende:

- die insameling, ontvangs, optekening, organisering, samestelling, berging, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging of gebruik van inligting;
- die verspreiding van inligting deur middel van versending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm; of
- die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.

4. DOEL VAN HIERDIE REGULASIE

Hierdie regulasie sit die grondbeginsels uiteen wat aan die reg op privaatheid gevolg gee, en vestig en fasiliteer sodoende 'n institusionele raamwerk vir die prosessering van persoonlike inligting wat in respek vir datasubjekte, deursigtigheid, aanspreeklikheid en ouditeerbaarheid geanker is.

5. OOGMERK VAN HIERDIE REGULASIE

Hierdie regulasie het die onderstaande oogmerke:

- a) verwoord die Universiteit Stellenbosch se institusionele standpunt oor privaatheid;
- b) ondersteun pogings aan die US om aan die grondwetlike reg op privaatheid gevolg te gee; en
- c) ondersteun die bestuur van risiko's en geleenthede wat met die prosessering van persoonlike inligting verband hou.

6. REGULASIEBEGINSELS

Die woordoms krywing van 'prosessering' in POPIA veronderstel 'n gefaseerde lewensiklus vir persoonlike inligting. In aansluiting daarby sowel as by internasionale wetgewing³ onderskei hierdie regulasie vier fases in hierdie lewensiklus:

Fase	Aktiwiteite
Voorbereiding	Beplannings- en ontwerpaktiwiteite wat plaasvind voordat persoonlike inligting werklik geprosesseer word
Insameling en skepping	Die insameling, ontvangs, skepping en optekening van persoonlike inligting
Benutting	Die organisering, instoring, storing, beveiliging, bywerking of aanpassing, verkryging, herwinning, wysiging, raadpleging of gebruik, verspreiding,

² Aangepas uit ISACA (2012) COBIT 5 *A Business Framework for the Governance and Management of Enterprise IT*.

³ Onder meer die Europese Unie se regulasie oor algemene databeskerming.

	samesmelting, koppeling, inperking of degradasie van persoonlike inligting
Beskikking	Uitwissing of vernietiging van persoonlike inligting

Hoewel proseseienaars alle beginsels van die beskerming van persoonlike inligting deur die hele lewensiklus van die inligting heen moet toepas, bepaal hierdie regulasie ook in watter fase(s) die toepassing (of die verwoording van sodanige toepassing) van sekere beginsels besonder tersaaklik is.

Fase 1: Voorbereiding

Beginsel 1: Privaatheid deur ontwerp

Prosesseienaars moet in die ontwerp van hulle prosesse, voordat prosessering begin, aan die reg op privaatheid gevolg gee. Prosesseienaars moet dus privaatheid en die beskerming van persoonlike inligting in ag neem wanneer hulle hulle prosesse ontleed en ontwerp. Wanneer 'n nuwe proses ontwerp word of 'n bestaande proses hersien en ontleed word, moet proseseienaars spesifiek die volgende doen:

- voer 'n privaatheidsimpakstudie uit om te bepaal of die voorgename prosessering van persoonlike inligting regmatig is, en om enige risiko's verbonde daaraan te identifiseer en te evalueer;
- gebruik die bevindings van die impakstudie om gepaste en redelike maatreëls in bestaande prosesse te identifiseer en in die ontwerp in te bou ten einde die geïdentifiseerde risiko's tot die minimum te beperk (wat kan insluit om 'n proses wat onregmatig blyk te wees, te staak); en
- dokumenteer die studiebevindings sowel as die invloed daarvan op die prosesontwerp.

Beginsel 2: Sekuriteit deur ontwerp én by verstek

Prosesseienaars moet aan die hand van die bevindings van die privaatheidsimpakstudie redelike tegniese, organisatoriese en prosedurele maatreëls vir inligting- en kubersekuriteit in hulle prosesse identifiseer, in die ontwerp inbou, in werking stel en dokumenteer om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van persoonlike inligting te verseker.

Fase 2: Insameling en skepping

Beginsel 3: Minimale prosessering

Prosesseienaars moet toesien dat hulle prosesse nie méér persoonlike inligting insamel as wat nodig of tersaaklik vir die proses is nie.

Beginsel 4: Akkuraatheid

Besluite wat op onakkurate inligting gegrond is, kan die Universiteit, proseseienaar en datasubjek aan onnodige risiko of skade blootstel. Prosesseienaars moet dus redelike maatreëls tref om te verseker dat enige ingesamelde persoonlike inligting akkuraat is. Waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, moet proseseienaars toesien dat hulle prosesse persoonlike inligting by die datasubjekte self insamel.

Beginsel 5: Kennisgewing

Proseseienaars moet redelikerwys uitvoerbare maatreëls tref om datasubjekte van enige prosessering van persoonlike inligting in kennis te stel.

Beginsel 6: Toestemming

Ingevolge die woordskrywing in POPIA moet enige 'toestemming' vir die prosessering van persoonlike inligting 'n "vrywillige, bepaalde en ingeligte wilsuitdrukking [wees] ingevolge waarvan verlov tot die prosessering van persoonlike inligting gegee word". Indien toestemming die grondslag vir die prosesseringsaktiwiteit is, moet datasubjekte hulle toestemming vrylik kan terugtrek.

Toestemming is nie altyd vir elke moontlike proses nodig, prakties of wenslik nie. Toestemming behoort as regverdiging vir die prosessering van persoonlike inligting gebruik te word slegs indien daar geen ander gronde bestaan nie. Indien die prosessering van persoonlike inligting vereis word om 'n kontrak aan te gaan of uit te voer of om aan wetgewing te voldoen, is die verkryging van toestemming nooit toepaslik nie, want die datasubjekte sal nie hulle toestemming kan terugtrek nie.

Proseseienaars moet derhalwe die behoefte aan toestemming bepaal wanneer hulle hulle proses ontwerp (d.w.s. as deel van die privaatheidsimpakstudie). Indien bevind word dat daar 'n behoefte is om toestemming te dokumenteer, moet sodanige toestemmingsprosesse met die bepalings van POPIA strook.

Fase 3: Benutting

Beginsel 7: Vir spesifieke doeleindes

Proseseienaars moet toesien dat enige prosessering van persoonlike inligting strook met die oorspronklike doel waarvoor dit ingesamel is en wat óf in die privaatheidskennisgewing óf die toestemmingsprosedures verklaar en gedokumenteer is (sien beginsel 5 en 6).

Sekere verdere prosessering van persoonlike inligting kan wetlik toelaatbaar wees indien dit strook met die oorspronklik verklaarde doel waarvoor die persoonlike inligting ingesamel is. Nietemin kan sodanige verdere prosessering binne die Universiteitskonteks steeds aan navorsingsetiekgoedkeuring of toestemming deur 'n institusionele hekwagter, of albei, onderworpe wees.

Beginsel 8: Toegang

Proseseienaars moet toesien dat hulle prosesse aan alle regte van datasubjekte gevolg gee. Dít sluit in om datasubjekte toegang te bied tot meganismes wat hulle tot die volgende in staat stel:

1. om toegang tot hulle persoonlike inligting te verkry;
2. om hulle persoonlike inligting te verander of reg te stel; en
3. om hulle persoonlike inligting te laat uitwis indien die inligting onakkuraat of nietersaaklik is, of indien die Universiteit nie meer gemagtig is om dit te hê nie (sien beginsel 10 vir meer besonderhede).

Beginsel 9: Skendingskennisgewing

POPIA vereis dat die Universiteit oor prosedures beskik om skendings van persoonlike inligting op te spoor, aan te meld, te ondersoek en te beperk. Die US het reeds bestaande skendingsprosedures. Waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, moet proseseienaars sorg dat hulle prosesse met die institusionele skendingsprosedures strook.

Waar proseseienaars nié hulle prosesse redelikerwys met die institusionele prosedures kan versoen nie (soos in die geval van sekere navorsingsprojekte), moet hulle skendingsprosedures instel wat met die bevindings van hulle privaatheidsimpakstudie (sien beginsel 1) strook. In geval van navorsingsprojekte moet proseseienaars aan hierdie vereiste voldoen deur die prosesse vir navorsingsetiekgoedkeuring of toestemming deur 'n institusionele hekwagter, of albei, te volg (sien beginsel 7).

Fase 4: Wegdoening

Beginsel 10: Verdedigbare wegdoening

Prosesseienaars behoort nie persoonlike inligting langer te hou as wat nodig is nie. POPIA beskou die storing en bewaring van persoonlike inligting as prosessering van persoonlike inligting (sien die woordskrywing vir 'prosessering'). Langtermynstoring kan ook die US, proseseienaar en datasubjekte aan onnodige risiko blootstel. Prosesseienaars moet gevolglik toesien dat daar behoorlik met 'n rekord of persoonlike inligting weggedoen word so gou redelikerwys uitvoerbaar nadat die doel bereik is waarvoor dit aanvanklik ingesamel is (sien beginsel 7), en wel op die onderstaande maniere:

- argiveer rekords van die hoogste of van historiese belang ingevolge die US se Beleid oor Rekordbestuur; of
- vernietig 'n rekord of persoonlike inligting ingevolge die US se Beleid oor Rekordbestuur, of wis dit uit of deïdentifiseer dit.

7. NIEVOLDOENING AAN HIERDIE REGULASIE

Deur te versuim om die beginsels in hierdie regulasie in die prosessering van persoonlike inligting toe te pas en te verduidelik, kan die Universiteit of die individue wat by prosessering betrokke is hulle aan nievoldoening aan Suid-Afrikaanse privaatheidswetgewing skuldig maak. Sodanige nievoldoening stel die US aan boetes en eise ingevolge Suid-Afrikaanse wetgewing bloot. Nievoldoening kan boonop die Universiteit aan beduidende reputasieskade, en datasubjekte aan onnodige risiko en skade, blootstel.

Na gelang van die aard van die nievoldoening kan die US die institusionele inligtingskendingsprosedures inwerking stel.

Die Universiteit kan dissiplinêr optree teen personelede of studente wat versuim om aan hierdie regulasie te voldoen. Daarbenewens kan die Universiteit ingevolge óf 'n kontraktuele ooreenkoms óf tersaaklike wetgewing optree teen lede van institusionele statutêre liggame en derdepartyverskaffers en -handelaars wat versuim om aan hierdie regulasie te voldoen.

8. BEHEER OOR HIERDIE REGULASIE

Die Rektor en Visekanselier, synde die statutêre inligtingsbeampte, is die eenaar van hierdie regulasie en bygevolg oorhoofs aanspreeklik vir alle prosessering van persoonlike inligting aan die Universiteit. Derhalwe is die Rektor en Visekanselier verantwoordelik vir die bestaan en toepassing van hierdie regulasie, die monitering van voldoening daaraan, en verslagdoening oor voldoening en nievoldoening aan die Universiteitsraad en Rektooraat.

Die Viserektor: Strategie en Internasionalisering dien as kurator van hierdie regulasie en word deur die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur ondersteun. Die genoemde viserektor is verantwoordelik vir die formulering, goedkeuring, handhawing en hersiening sowel as die kommunikasie en vrystelling van hierdie regulasie. Dít sluit die monitering en inagneming van veranderings aan tersaaklike wetgewing in.

9. VERBANDHOUDENDE DOKUMENTE

- Universiteit Stellenbosch: Beleid oor Inligtingsbestuur
- Universiteit Stellenbosch: Institusionele Skendingsprosedure
- Universiteit Stellenbosch: Handleiding ingevolge artikel 14 en 51 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000
- Universiteit Stellenbosch: Beleid vir Verantwoordelike Navorsingsgedrag aan die Universiteit Stellenbosch
- Universiteit Stellenbosch: Beleid oor Rekordbestuur
- Universiteit Stellenbosch: Regulasies vir die Werwing van Universiteit Stellenbosch-persone as Navorsingsdeelnemers, en vir Navorsing met Behulp van Persoonlike en Institusionele Inligting in die Universiteit Stellenbosch se Besit
- Universiteite Suid-Afrika: POPIA-gedragskode vir Suid-Afrikaanse universiteite
- Universiteite Suid-Afrika: EU GDPR-riglyne vir Suid-Afrikaanse universiteite

BYLAE A: VERBAND TUSSEN REGULASIEBEGINSELS EN POPIA-VOORWAARDES VIR REGMATIGE PROSESSERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

POPIA stel agt voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting. Die tabel hieronder bied 'n samevatting van hoe die Universiteit hierdie agt voorwaardes in die ontwikkeling van die US se regulasiebeginsels in ag geneem het:

POPIA-voorwaarde	Beginsel(s)
Aanspreekikheid	Hierdie regulasie, waarmee die Rektor die aanspreeklikheid- en verantwoordelikheidsstrukture vir die prosessering van persoonlike inligting aan die Universiteit instel
Beperkte prosessering	Privaatheid deur ontwerp; Minimale prosessering; Akkuraatheid; Kennisgewing; Toestemming
Doelwitspesifikasie	Privaatheid deur ontwerp; Minimale prosessering; Vir spesifieke doeleindes; Verdedigbare wegdoening
Beperkte verdere prosessering	Privaatheid deur ontwerp; Vir spesifieke doeleindes; Verdedigbare wegdoening
Inligtingsgehalte	Privaatheid deur ontwerp; Akkuraatheid; Toegang
Deursigtigheid	Privaatheid deur ontwerp; Kennisgewing
Veiligheidsvoorsorgmaatreëls	Sekuriteit deur ontwerp; Skendingskennisgewing
Deelname deur datasubjek	Toegang